Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES V1

NOVEMBER 2023

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 28 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

NOTAS AAN NASIENERS

INLEIDING

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

(a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die nasienstandaard
(b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
(c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele land
(d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Vir nasien- en modereringsdoeleindes word die volgende kleure aanbeveel:

Nasiener:	Rooi
Senior Nasiener:	Groen
Adjunkhoofnasiener:	Oranje
Hoofnasiener:	Pienk
Interne moderator:	Swart/Blou
DBE-moderator:	Turkoois

2. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.

3. Omvattende nasienriglyn word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:

   - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyn gegee word
   - Uit 'n ander betroubare bron kom
   - Oorspronklik is
   - 'n Ander benadering gebruik

   LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.

4. Neem kennis van ander verwante antwoorde deur kandidate verskaf, wat verband hou met 'n spesifieke vraag en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)

5. Die woord 'Submaks' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.

6. Die doel daarvan om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte, as ook vir berekening en die modereringsproses.

7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks' in die nasienriglyn van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

8. In 'n indirekte vraag moet die teorie en die antwoorde relevant en met die vraag verband hou.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

9. Korrekte nommering van antwoorde van vrae of subvrae in AFDELING A en B word sterk aanbeveel. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepenaliseer word, indien laasgenoemde nie duidelik is nie.

10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n 'H'.

11. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:

    11.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief**: 'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge. √

    11.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. 'COIDA verminder tyd en koste√ wat spandeer word op lang siviele hofgedinge√, want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie. '√

    LET WEL:
    1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
    2. Let op die plasing van die merkie (√) in die toekenning van punte.

12. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyn en die konteks van elke vraag.

    Kognitiewe werkwoorde, soos:

    12.1 Adviseer, noem, beskryf kortliks, motiveer, aanbeveel, stel voor, *(lys nie volledig nie)* vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.

    12.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei, toon verskille/differensieer, vergelyk, tabuleer, analiseer, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

13. Sien slegs die EERSTE antwoord na waar kandidate meer as een antwoord in AFDELING B en C gee waar slegs een antwoord gevra word.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

14. **AFDELING B**

14.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die nie-nagesiende gedeelte te trek.

LET WEL:
1. Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.
2. Die bostaande is ook van toepassing op antwoorde in AFDELING C (waar van toepassing)

14.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 14.1 geld steeds.

14.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit by die nasiensentrum en verwys dit na die DBE interne moderator om die alternatiewe antwoorde in oorleg met die UMALUSI eksterne moderators te finaliseer.

14.4 **Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

14.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', kan dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyn)
- Verduideliking 1 punt (twee punte sal in Afdeling C toegeken word)

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyn gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

14.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet puntetoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyn toegeken.

14.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

15. **AFDELING C**

15.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

Inleiding	**Maksimum: 32**
Inhoud	
Gevolgtrekking	
Insig	**8**
TOTAAL	**40**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

15.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/Uitleg	Is daar 'n inleiding, paragrawe en 'n gevolgtrekking?	**2**
Analise en interpretasie	Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A') Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A')	**2**
Sintese	Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Opsie 1: **Slegs relevante feite: 2 punte (Geen '-S')** Waar 'n kandidaat 50% of meer (twee tot vier subvrae) van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn nie. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe. Opsie 2: **'n Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S')** Waar 'n kandidaat minder as 50% (slegs een subvraag) van die vraag met slegs/'n paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 3: **'n Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S')** Waar 'n kandidaat VIER subvrae beantwoord, maar een/twee/drie subvrae met irrelevante feite; verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 4: **Geen relevante feite: 0 punte (Twee '-S')** Waar 'n kandidaat minder as 50% (slegs een sub-vraag) van die vraag met irrelevante feite beantwoord het nie, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n NULPUNT vir sintese toe.	**2**
Oorspronklikheid	Is daar bewyse van een voorbeeld in enige TWEE van die vier subvrae, nie ouer as twee (2) jaar nie, wat op aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings gebaseer is?	**2**
	TOTAAL VIR INSIG:	**8**
	TOTALE PUNTE VIR FEITE:	**32**
	TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):	**40**

LET WEL:

1. **Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**
2. **Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**
3. **Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

15.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, -S en/ of O').

15.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/ nasienriglyn vir elke vraag aangedui.

15.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onder-afdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronklikheid 'O'.

15.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan: (S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid) soos in die tabel hieronder aangedui.

INHOUD	**PUNTE**
Feite	**32 (maks.)**
S	**2**
A	**2**
S	**2**
O	**2**
TOTAAL	**40**

15.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan.
(Sien PUNTE-UITEENSETTING aan die einde van elke vraag.)

15.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/interpreteer, kry hy/sy steeds punte vir die uitleg.

15.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/ subopskrifte soos aangedui in die nasienriglyne.

15.10 15.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.

15.10.2 Met ingang van November 2015 sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (√) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie √, waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.'√
Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.

15.11 Met ingang van November 2017 sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 C√√
1.1.2 B√√
1.1.3 A√√
1.1.4 D√√
1.1.5 B√√

(5 x 2) **(10)**

1.2 1.2.1 leerlingskappe√√
1.2.2 bedreiging√√
1.2.3 SEB√√
1.2.4 keuring√√
1.2.5 openbarebetrekkinge√√

(5 x 2) **(10)**

1.3 1.3.1 D√√
1.3.2 H√√
1.3.3 B√√
1.3.4 I√√
1.3.5 C√√

(5 x 2) **(10)**

TOTAAL AFDELING A: 30

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 1	PUNTE
1.1	10
1.2	10
1.3	10
TOTAAL	30

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING B

Sien slegs die EERSTE TWEE antwoorde na.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 **Verbruikersregte soos in die Wet op Verbruikersbeskerming/WVB gestipuleer**

- Reg om te kies√
- Reg op privaatheid√
- Reg op regverdige en billike handelspraktyke√
- Reg op openbaarmaking en inligting√
- Reg op billike en verantwoordelike bemarking√
- Reg op billike waarde/goeie gehalte en veiligheid√
- Reg op aanspreeklikheid deur verskaffers√
- Reg op eerlike/billike en redelike bepalings en voorwaardes√
- Reg op gelykheid in die verbruikersmark√

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.

(4 x 1) (4)

2.2 **Uitdagings van besigheidsomgewings en die mate van beheer**

UITDAGINGS (2.2.1)		**BESIGHEIDS-OMGEWINGS (2.2.2)**	**MATE VAN BEHEER (2.2.3)**
1.	BB het klante aan Damian Blikke afgestaan, want hulle produkte is van 'n hoë gehalte. √	Markomgewing √	Gedeeltelike/ Sommige/Beperkte/ Min beheer √
2.	Die winsgewendheid van BB het afgeneem weens swak bestuursvaardighede. √	Mikro-omgewing √	Volle/Volledige beheer √
3.	Beste Blikke het geld teen 'n hoë rentekoers by die bank geleen. √	Makro-omgewing √	Geen beheer √
	Maks (3)	**Maks (3)**	**Maks (3)**

LET WEL:
1. **Sien slegs die eerste DRIE (3) uitdagings na.**
2. **Indien die besigheidsomgewing nie aan die uitdaging gekoppel is nie, sien slegs die uitdaging na.**
3. **Ken punte toe vir die besigheidsomgewings al is die mate van beheer nie aangedui nie/verkeerd.**
4. **Die mate van beheer moet aan 'n besigheidsomgewing gekoppel wees.**
5. **Geen punte moet toegeken word vir die mate van beheer as die besigheidsomgewing nie genoem is nie.**
6. **Aanvaar antwoorde in enige volgorde.**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.3 **Regte van werkgewers in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge/WAV**
Werkgewers het die reg om:
- werkgewersorganisasies te vorm √ om hulle in sake wat met arbeid verband hou te verteenwoordig. √
- onderhandelingsrade te vorm √ vir kollektiewe bedingingsdoeleindes. √
- werknemers uit te sluit √ wat aan onbeskermde/onwettige stakings/arbeidsaksie deelneem. √
- werknemers ontslaan wat aan 'n onbeskermde staking/wangedrag √ soos intimidasie/geweldpleging gedurende stakings deelneem. √
- ‘n werknemer wat aan 'n beskermde staking deelgeneem het, nie te betaal/ vergoed √ vir dienste/werk wat hulle nie tydens die staking gedoen het nie. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die regte van werkgewers in terme van die WAV.

Maks (4)

2.4 **Doel van die Wet op Gelyke Indiensneming/WGI**
- Die WGI laat toe dat werknemers wat dieselfde werk doen, √ gelyk betaal word.√
- Voorkom diskriminasie √ op grond van geslag/ras/gestremdheid in die werkplek. √
- Bevorder gelyke geleentheid √ en regverdige behandeling in die werkplek. √
- Bevorder diversiteit in die werksplek √ deur te verseker dat mense van diverse agtergronde aangestel word. √
- Beskerm werknemers teen viktimisering √, indien hulle hul regte, wat deur die WGI aan hulle gegee is, uitoefen.√
- Verseker gelyke verteenwoordiging in die werksplek √ deur die implementering van regstellende aksie. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die doel van die WGI.

Maks (6)

2.5 **Besigheidstrategieë**

2.5.1 **Defensiewe strategie vanuit die scenario**
Vervreemding √√

(2)

Motivering
Hulle het sommige onproduktiewe bates verkoop om skulde af te betaal. √ (1)

LET WEL: Geen punte moet toegeken word vir die motivering indien die defensiewe strategie verkeerd geïdentifiseer was nie.

Maks (3)

2.5.2 **Stappe in strategie-evaluering**
- Ondersoek die onderliggende basis van 'n besigheidstrategie. √√
- Kyk vorentoe en agtertoe in die implementeringsproses. √√
- Vergelyk die verwagte prestasie met die werklike prestasie. √√
- Bepaal die redes vir afwykings en ontleed hierdie redes.√√
- Neem korrektiewe aksie sodat die afwykings reggestel kan word. √√
- Stel spesifieke datums vir beheer en opvolging. √√
- Stel 'n tabel op van die voor- en nadele van 'n strategie. √√
- Besluit op die verlangde uitkoms soos in die vooruitsig gestel toe die strategieë geïmplementeer word. √√
- Oorweeg die impak van die strategiese implementering in die interne en eksterne omgewings van die besigheid. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die stappe in strategie-evaluering.

LET WEL: Aanvaar stappe in enige volgorde.

Maks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.6 **Implikasies van die pilare van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging/BBSEB**

2.6.1 **Bestuursbeheer**√√

- Besighede moet verseker dat transformasie op alle vlakke geïmplementeer word.√
- Stel swart mense in senior uitvoerende-/bestuursposisies aan.√
- Betrek swart mense by die strategiese besluitnemingsprosesse.√
- Verseker dat swart vrouens verteenwoordig word in bestuur.√
- Besighede verdien punte in bestuur as hulle meer as 25% van hul aandele aan swart beleggers verkoop sodat sommige van hulle direkteure kan word.√
- As gevolg van 'n tekort aan vaardige swart bestuurders/direkteure, vind sommige besighede dit moeilik om swart aanstellings te maak.√
- Besighede word direk gepenaliseer as hierdie pilaar nie geïmplementeer is nie.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die implikasie van bestuursbeheer as 'n BBSEB-pilaar op besighede. Pilaar (2)

Verduideliking (1)
Submaks (3)

2.6.2 **Eienaarskap**√√

- Besighede moet swart mense by aandeelhouding/vennootskappe/franchises insluit. √
- Moedig klein swart beleggers aan om in groot maatskappye te belê en in eienaarskap te deel. √
- Vrygestelde Mikro-ondernemings (VMO's) wat 'n eienaarskap van 50% of meer van swart mense in bestuur het, word bevorder na Vlak 3 van die BBSEB-telkaart. √
- Meer geleenthede word geskep vir swart mense om eienaars/entrepreneurs te word. √
- Groot besighede moet gesamentlike ondernemings met klein besighede in swart besit stig om besigheidsrisiko's te deel. √
- Besighede vind dit moeilik om geskikte swart besigheidsvennote/aandeelhouers te vind wat aandele kan bekostig. √
- Baie swart mense kan nie aandele in maatskappye/bydrae in vennootskappe bekostig nie. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die implikasie van eienaarskap as 'n BBSEB-pilaar op besighede. Pilaar (2)

Verduideliking (1)
Submaks (3)

2.6.3 **Ondernemings- en verskaffersontwikkeling/OVO** √√

- Besighede moet werk skep omdat OVO plaaslike vervaardiging aanmoedig. √
- Identifiseer verskaffers in swart besit wat in staat is om goedere en dienste te lewer.√
- Dienste kan uitgekontrakteer word aan verskaffers wat aan BBSEB voldoen.√
- Belê/Ondersteun KMMO's in swart besit deur lenings/donasies/ konsultasiedienste/advies/entrepreneursprogramme, by te dra.√
- Ontwikkel besigheidsvaardighede van klein/swart verskaffers, soos verkoops-tegnieke/regsadvies. √
- Ondersteun klein verskaffers se kontantvloei deur aan hulle voorkeurbetalings-voorwaardes aan te bied.√
- Besighede moet belê in/KMMO's in swart besit ondersteun om hulle meer volhoubaar te maak. √
- Ontwikkel en implementeer 'n verskafferontwikkelingsplan/verskaffersketting.√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Klein/Groot besighede sal dalk nie ondernemingsontwikkelinginvestering/ ondersteuning kan bekostig nie. √
- KMMO's in swart besit mag te afhanklik word op die ondersteuning van ander besighede/onbekwaam wees om hul eie inisiatiewe te neem. √
- BBSEB verskaffers kan sonder goeie werkmanskap wees. √
- Kleiner besighede wat nie aan BBSEB voldoen nie verloor besigheid.√
- Besighede word gedwing om van 'n kleiner poel verskaffers te kies. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die implikasie van OVO as 'n BBSEB-pilaar op besighede.

Pilaar (2)
Verduideliking (1)
Submaks (3)

2.6.4 **Vaardigheidsontwikkeling**√√

- Besighede moet swart werknemers betrek by vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe.√
- Voorsien leerlingskappe/leerprogramme aan swart werknemers.√
- Besigheid moet 1% van hul betaalstaat bydra om die vaardigheidsontwikkeling-programme te befonds. √
- Besighede kan voordeel trek uit die verhoogde hoeveelheid geskoolde/opgeleide werkers.√
- Besighede moet die ekstra myl loop om personeel op te lei waar leerlingskappe nie aangebied word nie.√
- Produktiwiteit word in gevaar gestel aangesien mentors/afrigters die tyd moet vind om deel te neem in leerlingskappe/opleiding.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die implikasie van vaardigheidsontwikkeling as 'n BBSEB-pilaar op besighede.

Pilaar (2)
Verduideliking (1)
Submaks (3)

2.6.5 **Sosio-ekonomiese ontwikkeling/Sosiale verantwoordelikheid**√√

- Besighede moet op kritieke areas fokus wat die groei en ontwikkeling van die land affekteer soos omgewingsbewustheid/onderwys/behuising/armoede/ werkloosheid. √
- Hulle moet skaars KMI-hulpbronne aan geselekteerde begunstigdes in die gemeenskap versprei.√
- Besighede mag dalk nie oor maatskaplike kwessies kundig wees nie wat tot vermorsing van finansiële hulpbronne op doellose gemeenskapsprojekte kan lei. √
- Bydrae tot√ maatskaplike investerings/ontwikelingsprojekte.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die implikasie van sosio-ekonomiese ontwikkeling/sosiale verantwoordelikheid as 'n BBSEB-pilaar op besighede.

Pilaar (2)
Verduideliking (1)
Submaks (3)

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

Maks (6)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.7 **Maniere waarop besighede die uitdagings van die ekonomiese faktore as 'n PESTWO-element kan hanteer**

- Leen geld by finansiële instellings wanneer rentekoerse gunstig is.√√
- Besighede moet eerder oorweeg om hulle winsgrense te verlaag as om die prys van hulle produkte te verhoog.√√
- Neem wisselkoerse in ag wanneer daar met ander lande handel gedryf word.√√
- Onderhandel oor gunstige rentekoerse met krediteure.√√
- Onderhandel oor betalingsvoorwaardes met verskaffers.√√
- Verkoop/Raak ontslae van bates wat nie meer winsgewend is nie.√√
- Verkoop aandele teen mededingende/laer pryse om meer direkte buitelandse beleggings te lok.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die maniere waarop besighede die uitdagings van die ekonomiese faktore as 'n PESTWO-element kan hanteer.

Maks (4)
[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 2	PUNTE
2.1	4
2.2	9
2.3	4
2.4	6
2.5.1	3
2.5.2	4
2.6	6
2.7	4
TOTAAL	40

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 **Aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word**

- Persoonlike besonderhede van die werknemer.√
- Besonderhede van die besigheid/werkgewer, soos die naam en adres.√
- Postitel/Posisie.√
- Posbeskrywing soos pligte/verantwoordelikhede en werksvoorwaardes.√
- Posspesifikasie soos formele kwalifikasies en bereidwilligheid om te reis.√
- Datum van indiensneming/Aanvang van indiensneming.√
- Plek waar werknemer die meeste van sy/haar werkstyd sal deur bring.√
- Werksure soos gewone tyd en oortyd.√
- Vergoeding soos weekliks of maandelikse betaling.√
- Voordele/Byvoordele /Voordeel/Toelaes.√
- Verlof soos siek-/kraam-/jaarlikse-/aannemingsverlof.√
- Werknemer aftrekkings soos verpligte/nie-verpligte.√
- Duur/Termyn van die indiensnemingskontrak/Besonderhede van beëindiging/Vervaldatum van indiensnemingskontrak.√
- Proeftydperk.√
- Handtekeninge van beide die werkgewer en werknemer.√
- Lys van dokumente wat deel van die kontrak vorm, soos aanstellingsbrief/ gedragskode/etiek.√
- Dissiplinêre beleide, soos reëls/dissiplinêreprosedures vir onaanvaarbare gedrag.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word.

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.

(4 x 1) (4)

3.2 **Verskil tussen stukwerk- en tydverwante salarisbepalingsmetodes**

STUKWERK	TYDVERWANTE
- Werknemers word betaal volgens die aantal items/eenhede geproduseer/ handeling uitgevoer. √√	- Werknemers word betaal vir die hoeveelheid tyd/ure wat hulle by die werk is/aan 'n taak spandeer het. √√
- Werknemers word nie vergoed vir die totale aantal ure gewerk nie, ongeag hoe lank dit geneem het om die items te voltooi. √√	- Werknemers met dieselfde ondervinding/kwalifikasies word betaal volgens salaris-skale ongeag hoeveel werk gedoen is. √√
- Meestal gebruik in fabrieke, veral in tekstiel-/tegnologiebedrywe. √√	- Baie private- en openbaresektor-besighede gebruik hierdie metode.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met stukwerk as 'n salarisbepalingsmetode.	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met tydverwante as 'n salarisbepalingsmetode.
Submaks (2)	Submaks (2)

LET WEL:
1. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
2. **Die verskil hoef nie verbind te wees nie, maar moet duidelik wees.**
3. **Ken 'n maksimum van TWEE (2) punte toe, indien die verskil nie duidelik is nie/Sien slegs stukwerk of tydverwante na.**

Maks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

3.3 **Werwing en keuring**

3.3.1 **Werwingsmetode vanuit die scenario**

Eksterne werwing √√ **(2)**

3.3.2 **Rol van die aansoeker tydens die onderhoud**

- Groet die onderhoudvoerder op sy naam√ met 'n ferm handdruk en vriendelike glimlag.√
- Luister aandagtig na die vrae√ voordat dit beantwoord word.√
- Maak oogkontak√ en sorg vir 'n goeie postuur/lyftaal.√
- Wees selfversekerd√ met 'n positiewe/ferm gesindheid.√
- Wees nuuskierig√ en toon belangstelling in die besigheid.√
- Toon respek√ en hanteer die onderhoud met die nodige belangrikheid.√
- Wees eerlik oor foute√ en verduidelik hoe jy dit hanteer het.√
- Ken jou sterk- en swakpunte√ en wees bereid om dit te verduidelik.√
- Verkry duidelikheid√ deur vrae te vra oor die pos/posisie wat aangebied word.√
- Bedank die onderhoudvoerder vir die geleentheid√ om aan die onderhoud deel te neem.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die rol van die aansoeker tydens die onderhoud.

Maks (4)

3.4 **Impak van byvoordele**

Positiewes/Voordele

- Aanloklike byvoordeelpakkette√ kan lei tot hoër werknemerretensie/verminder werknemeromset.√
- Lok gekwalifiseerde/vaardige/ervare werknemers√ wat positief kan bydra tot die besigheid se doelstellings/doelwitte.√
- Verbeter produktiwiteit√ wat lei tot hoër winsgewendheid.√
- Dit verhoog werknemer-tevredenheid/lojaliteit√ omdat hulle bereid is om die ekstra myl te loop.√
- Besighede spaar geld√ omdat byvoordele van belasting afgetrek kan word.√
- Byvoordele kan as 'n hefboom√ tydens salarisonderhandelinge gebruik word.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/voordele van byvoordele op besighede.

EN/OF

Negatiewes/Nadele

- Besighede wat nie byvoordele kan bied nie√ slaag nie daarin om vaardige werkers te lok nie.√
- Besighede wat verskillende byvoordeelplanne bied√ kan ongelukkigheid veroorsaak.√/Werknemers wat minder voordele ontvang kan ongemotiveerd wees√ wat tot laer produktiwiteit lei.√
- Dit kan lei tot konflik/korrupsie√ indien dit onregverdig toegewys word.√
- Byvoordele is bykomende koste√ wat kan lei tot kontantvloeiprobleme.√
- Verminder besigheidswins√, omdat byvoordele-/pakket-/vergoedingskoste hoër is.√
- Administratiewe koste verhoog√ omdat byvoordele korrek opgeteken moet word vir belastingdoeleindes.√
- Werkers bly slegs by die besigheid ter wille van die byvoordele√, en is nie altyd toegewyd/lojaal aan die taak/besigheid nie.√
- Besighede moet adviseurs/prokureurs betaal√ om hulle te help om byvoordeelplanne saam te stel wat aan wetgewing voldoen.√
- Foute in voordeelplanne√ kan lei tot baie duur hofsake/regsboetes.√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele van byvoordele op besighede. **Maks (6)**

3.5 **Betekenis van gehaltebeheer**

- 'n Stelsel wat verseker dat die verlangde gehalte verkry word √ deur die finale produk te inspekteer.√
- Verseker dat die finale produkte √ aan die vereiste standaarde voldoen. √
- Gehaltebeheerproses wat verseker dat produkte deurlopend volgens hoë standaarde √ vervaardig word.√
- Kontrolering van grondstowwe/werknemers/masjinerie/vakmanskap/ produksie √ om te verseker dat hoë standaarde gehandhaaf word.√
- Behels die daarstelling van teikens/meting van prestasie √ en die neem van regstellende maatreëls. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die betekenis van gehaltebeheer. **Maks (4)**

3.6 **Bydra van die produksiefunksie tot die sukses van die besigheid**

- Voorsien hoë gehalte dienste/produkte √ volgens spesifikasies.√
- Die produksie-/bedryfsprosesse van 'n besigheid behoort korrek gedoen te word √ deur behoorlike produksiebeplanning en beheer.√
- Produkte en dienste behoort teen die laagste moontlike koste geproduseer te word √ om maksimum winste te kry.√
- Die besigheid behoort die rol en verantwoordelikhede √ van die arbeidsmag duidelik aan hulle te kommunikeer.√
- Produkte moet aan klante se vereistes √ van veiligheid, betroubaarheid en duursaamheid voldoen.√
- Die besigheid moet goeie na-verkoopdienste √ en waarborge lewer.√
- Bemagtig werkers √ om trots op hul vakmanskap te wees.√
- Kry akkreditasie van die SABS/ISO 9001 √ om te verseker dat gehalteprodukte geproduseer word.√
- Spesifiseer die produk/diens se standaarde √ en neem kennis van die faktore wat verbruikers gebruik om gehalte te beoordeel.√
- Monitor prosesse √ en vind die kernoorsake van produksieprobleme.√
- Implementeer gehaltebeheerstelsels √ om te verseker dat gehalte produkte gereeld geproduseer word.√
- Benut masjinerie √ en toerusting optimaal.√
- Akkurate berekening √ van die produksiekostes.√
- Kies die mees gepaste produksiemetode √ soos massa/lot fabrikasie/stukwerk.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe die produksiefunksie tot die sukses van die besigheid bydra. **Maks (4)**

3.7 **Totale gehaltebestuur/TGB-elemente vanuit die scenario**

	TGB-ELEMENTE	MOTIVERINGS
1.	Voldoende finansiering en kapasiteit √√	VB kan dit bekostig om gehalte grondstowwe en toerusting aan te koop om foutiewe produkte te voorkom. √
2.	Totale kliënte-/klantetevredenheid √√	Hulle bevorder ook 'n positiewe besigheidsbeeld deur aan die behoeftes van hul kopers te voldoen. √
	Submaks (4)	Submaks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

LET WEL:
1. **Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. **Ken punte toe vir die TGB-elemente selfs as die aanhalings onvolledig was.**
3. **Geen punte word vir die motiverings toegeken indien die TGB-elemente verkeerd geïdentifiseer was nie.**
4. **Aanvaar antwoorde in enige volgorde.**

Maks (6)

3.8 **Rol van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels**

- Los probleme op ten opsigte van kwaliteit en implementeer verbeterings.√√
- Ondersoek probleme en stel oplossings aan bestuur voor.√√
- Verseker dat daar geen duplisering van aktiwiteite/take in die werkplek is nie.√√
- Maak voorstelle vir die verbetering van stelsels en prosesse in die werkplek.√√
- Verbeter die gehalte van produkte/dienste/produktiwiteit deur gereelde hersiening van gehalteprosesse.√√
- Monitor/Versterk strategieë sodat die besigheid se bedrywighede glad verloop.√√
- Verhoog werknemers se moraal/motivering om die spangees in die bereiking van die organisatoriese doelwitte‘n hupstoot te gee.√√
- Dra by tot die verbetering en ontwikkeling van die organisasie.√√
- Verminder die koste van oortolligheid en verkwistende pogings op die lang termyn.√√
- Verhoog die aanvraag vir die goedere/dienste van die besigheid.√√
- Skep harmonie en hoë werkverrigting in die werksplek.√√
- Bou 'n gesonde verhouding in die werksplek tussen die werkgewer en die werknemer.√√
- Verbeter werknemerslojaliteit/toewyding tot die besigheidsdoelwitte.√√
- Verbeter werknemerskommunikasie op alle vlakke van die besigheid.√√
- Ontwikkel 'n positiewe houding/gevoel van betrokkenheid in besluitnemingsprossese van dienste aangebied.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die rol van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels.

(6)
[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 3	PUNTE
3.1	4
3.2	4
3.3.1	2
3.3.2	4
3.4	6
3.5	4
3.6	4
3.7	6
3.8	6
TOTAAL	40

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 **Tipes besigheidsektore**
- Primêre √
- Sekondêre √
- Tersiêre √

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

(2 x 1) (2)

4.2 **Verlofbepaling soos gestipuleer in die WBDV vanuit stellings**
4.2.1 Gesinsverantwoordelikheidsverlof √√
4.2.2 Siekverlof√√

Maks (4)

4.3 **Befondsing van Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede/SOOO's**
- Vaardigheidsontwikkelingsheffings word deur werkgewers √ aan SAID, as 'n invorderingsagent vir die regering, betaal. √
- Werkgewers met 'n salarisrekening wat R500 000 per jaar oorskry √, moet een persent (1%) van hul jaarlikse salaris as 'n heffing betaal. √
- Die verskillende SOOO's ontvang tagtig present (80%) van die heffing vir organisatoriese uitgawes √ en die oorblywende twintig present (20%) word aan die Nasionale Vaardigheidsfonds oorbetaal. √
- Skenkings/Toelaes ontvang √ vanaf die publiek/besighede/KMI-programme. √
- Surplusfondse ontvang√ van regeringsinstellings. √
- Fondse ontvang √ vir die lewering van hul dienste. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe SOOO's befonds word.

Maks (4)

4.4 **Soorte integrasiestrategieë**

Voorwaartse vertikale integrasie √√
- 'n Besigheid kombineer met of neem sy verspreiders in die verskaffingsketting/ produksieketting oor./Die besigheid smelt saam met besighede wat eens hul kliënte was, terwyl dit steeds beheer oor die aanvanklike/kernbesigheids-aktiwiteite behou.√
- Behels uitbreiding van besigheidsaktiwiteite om beheer oor die direkte verspreiding van die produkte/dienste te verkry. √
- Die besigheid neem die verspreidingstelsel oor en verkoop produkte/dienste direk aan verbruikers/klante.√
- Verhoog winsgewendheid omdat die tussenganger/verspreider/middelman uitgesluit word.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met voorwaartse vertikale integrasie as 'n soort integrasiestrategie.

Strategie (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

Terugwaartse vertikale integrasie √√
- Die besigheid kombineer met/smelt saam/neem sy verskaffers in die voorsieningsketting/produksieketting oor./Die besigheid brei sy rol uit om aktiwiteite/ take te vervul wat voorheen deur verskaffers voltooi is. √
- Gemik om die besigheid se afhanklikheid van verskaffers te verminder. √

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Stel besighede in staat om kostes te sny en invloed oor die pryse/kwaliteit/ kwantiteit van grondstowwe te hê. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met terugwaartse vertikale integrasie as 'n soort integrasiestrategie.

Strategie (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

Horisontale integrasie √√
- 'n Besigheid neem beheer van/inkorporeer ander besighede in dieselfde bedryf/wat dieselfde goedere/dienste produseer/verkoop./Dit is die verkryging/oorname van 'n verwante besigheid wat op dieselfde vlak van die voorsieningsketting in die nywerheid/mark funksioneer.√
- Die doel is om die bedreiging van mededinging/plaasvervangerprodukte/dienste te verminder. √
- Verhoog die markaandeel/verkope/winste en verbeter produksie/verspreiding.√
- Geskik vir besighede wat in verskillende geografiese areas bedryf word√ deur gesamentlike ondernemings/lisensiëring/franchising.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met horisontale integrasie as 'n soort integrasiestrategie.

Strategie (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

Maks (6)

4.5 **Maniere waarop besighede aan die Nasionale Kredietwet/NKW kan voldoen**
- Bied aansoekers vooraf-ooreenkoms dokumentasie aan. √√
- Maak alle kostes van die lening bekend/Geen verskuilde kostes mag gehef/bygevoeg word nie. √√
- Bekom kredietverslae/-kontrole van kliënte voor lenings toegestaan word. √√
- Besighede moet by die Nasionale Kredietreguleerder geregistreer wees. √√
- Dien jaarlikse verslag van voldoening by die Nasionale Kredietreguleerder in. √√
- Voer bekostigbaarheid-beoordelings uit om te verseker dat verbruikers die vermoë het om hul verpligtinge te kan nakom. √√
- Voer kredietkontrole uit by 'n geregistreerde kredietburo en raadpleeg die Nasionale Kredietregister. √√
- Besighede moet prosedures in plek hê om te voldoen aan die bepalings van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum (WFIS). √√
- Verifieer die identiteit van kliënte en rapporteer verdagte transaksies/lei personeel op oor hul verpligtinge ten opsigte van die WFIS. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede aan die Nasionale Kredietwet/NKW kan voldoen.

Maks (4)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.6 **Doel van induksie**
- Stel nuwe werknemers bekend aan bestuur/kollegas om verhoudinge met medewerkers op verskillende vlakke te vestig.√√
- Gee nuwe werknemers 'n toer/inligting oor die uitleg van die geboue/kantoor.√√
- Laat nuwe werknemers welkom voel deur hulle aan hul fisiese werksomgewing bekend te stel.√√
- Verbeter vaardighede deur indiensopleiding.√√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Stel nuwe werknemers bekend aan die organisasiestruktuur/hul toesighouers.√√
- Gee nuwe werknemers die geleentheid om vrae te vra wat hulle sal gerus stel/op hul gemak stel/stres/bekommernisse/onsekerhede sal verminder.√√
- Skep geleenthede vir nuwe werknemers om verskillende departemente te beleef/verken.√√
- Verduidelik veiligheidsregulasies en reëls, sodat nuwe werknemers hul rolle/ verantwoordelikheid in hierdie opsig sal verstaan.√√
- Verseker dat werknemers hul rolle/verantwoordelikhede verstaan, sodat hulle meer effektief/produktief sal wees.√√
- Kommunikeer inligting oor die produkte/dienste wat deur die besigheid aangebied word.√√
- Kommunikeer besigheidsbeleide ten opsigte van etiese/professionele gedrag/ prosedures/indiensnemingskontrak/voorwaardes vir indiensneming.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die doel van induksie.

Maks (6)

4.7 **Plasingsprosedure**

- Besighede behoort die spesifieke verantwoordelikhede/verwagtinge/ vaardighede√ van die nuwe pos uiteen te sit.√
- Bepaal die suksesvolle kandidaat se sterkpunte/swakhede/belangstellings/ vaardighede√ deur hom/haar bloot te stel aan 'n reeks psigometriese toetse.√
- Bepaal die verhouding tussen die pos√ en die vaardighede van die nuwe kandidaat.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die plasingsprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit.

Maks (4)

4.8 **Voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel**

4.8.1 **Voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel vanuit die scenario**

- UB verhoog hulle produktiwiteit deur behoorlike tydsbestuur.√
- Hulle bied gereelde opleiding aan om die gehalte van werknemers se vaardighede te verbeter.√

LET WEL:
1. **Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. **Ken slegs punte toe vir antwoorde wat uit die scenario aangehaal is.**

(2 x 1) (2)

4.8.2 **Ander voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel**

- Doeltreffende diens aan klante kan gelewer word√, wat lei tot verhoogde klante-tevredendheid.√
- Tyd en hulpbronne√ word doeltreffend benut.√
- Produkte/Dienste word deurlopend verbeter√, wat tot groter klante-tevredenheid lei.√
- Visie/Missie/Besigheidsdoelwitte√ kan bereik word.√
- 'n Besigheid het 'n mededingende voordeel√ bo sy mededingers.√
- Werkgewers en werknemers sal 'n gesonde werksverhouding hê√ wat gelukkige/ produktiewe werkers tot gevolg het.√
- Groter markaandeel/Meer klante verbeter winsgewendheid/finansiële volhoubaarheid. √ √
- Verbeter die besigheid se beeld√, omdat daar minder foutiewe produkte/ terugsendings, is.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met ander voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel.

LET WEL: Geen punte moet toegeken word vir antwoorde wat in VRAAG 4.8.1 aangehaal is nie.

Maks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

4.9 **Maniere waarop totale gehaltebestuur/TGB die koste van gehalte kan verminder**

- Stel gehaltesirkels/klein spanne van vyf tot tien wernemers in plek, wat gereeld vergarder om maniere te bespreek om die gehalte van werk te verbeter.√√
- Skeduleer aktiwiteite om duplisering van take/aktiwiteite uit te skakel.√√
- Verdeel verantwoordelikhede vir gehalte-uitsette tussen bestuur en werknemers.√√
- Ontwikkel werkstelsels wat werknemers bemagtig om nuwe maniere vir gehalte-verbetering te vind.√√
- Lei werknemers op alle vlakke op sodat almal hulle rolle in gehaltebestuur verstaan.√√
- Werk baie nou saam met verskaffers om die gehalte van grondstowwe/insette te verbeter.√√
- Verbeter kommunikasie rondom gehalte uitdagings/afwykings, sodat elkeen uit ondervinding kan leer.√√
- Verminder belegging op duur, maar ondoeltreffende inspeksieprosedures in die produksieproses.√√
- Implementeer pro-aktiewe onderhoudsprogramme vir toerusting/masjinerie om onderbrekings te verminder/uit te skakel.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die maniere waarop TGB die koste van gehalte kan verminder.

Maks (4)
[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 4	PUNTE
4.1	2
4.2	4
4.3	4
4.4	6
4.5	4
4.6	6
4.7	4
4.8.1	2
4.8.2	4
4.9	4
TOTAAL	40

TOTAAL AFDELING B: 80

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING C

Sien slegs die EERSTE antwoord na.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)

5.1 **Inleiding**

- Die strategiese bestuursproses laat besighede toe om omkeer-strategieë te ontwikkel om hul bedrywighede te bevorder/verbeter.√
- 'n Kritiese ontleding van Porter se Vyf Kragte-model vereis besighede om deurlopend navorsing oor die onlangse ontwikkelinge in die mark uit te voer.√
- Die effektiewe implementering van intensiewe strategieë laat besighede toe om 'n mededingende voordeel in die mark te bekom.√
- Diversifikasiestrategieë verskaf groei-geleenthede vir besighede omdat hulle die sterk- en swakpunte van elke produklyn kan identifiseer.√
- Enige ander relevant inleiding wat verband hou met die proses van strategiese bestuur/Porter se Vyf Kragte-model/intensiewe strategieë/voordele van diversifikasiestrategieë.

Enige (2 x 1) (2)

5.2 **Strategiese bestuursproses**

OPSIE 1

- Besighede moet 'n duidelike visie/missiestelling/meetbare/realistiese doelwit in plek hê. √√
- Identifiseer geleenthede/swakhede/sterk punte/bedreigings deur 'n omgewings/situasie-analise te doen.√√
- Instrumente beskikbaar vir omgewingsanalise kan 'n SSGB-analise/Porter se Vyf Kragte-model/PESTWO-analise/nywerheidsanalise-instrument insluit.√√
- Formuleer alternatiewe strategieë om op die uitdagings te reageer.√√
- Ontwikkel ('n) aksieplan(ne) wat die take wat uitgevoer moet word/spertye wat nagekom moet word/bronne wat bekom moet word, insluit.√√
- Implementeer gekose strategieë deur dit aan alle belanghebbendes te kommunikeer/besigheidsbronne te organiseer/personeel te motiveer.√√
- Deurlopende evaluering/monitering/meet van strategieë om regstellende stappe onderneem.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die proses van strategiese bestuur.

OF

OPSIE 2

- Besighede moet hulle visie-/missiestelling hersien/analiseer/hertoets.√√
- Voer 'n omgewingsanalise uit deur modelle soos SSGB/PESTWO/Porter se Vyf Kragte te gebruik. √√
- Formuleer 'n strategie, soos 'n defensiewe/afleggingstrategie.√√
- Implementeer 'n strategie, deur gebruik te maak van 'n templaat soos 'n aksieplan.√√
- Beheer/Evalueer/Monitor die geïmplementeerde strategie om gapings/afwykings in die implementering te identifiseer.√√
- Neem regstellende stappe om te verseker dat doelwitte/doelstellings bereik word.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die proses van strategiese bestuur.

Maks (12)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

5.3 Toepassing van Porter se Vyf Kragte-model

5.3.1 Krag van kopers

- Assesseer hoe maklik dit vir kopers/kliënte √ is om pryse af te dwing.√
- Bepaal die aantal kopers/die belangrikheid van elke koper vir die besigheid√ en die koste van oorskakeling na ander produkte.√
- 'n Paar magtige kopers kan dikwels hul terme √ aan die besigheid dikteer.√
- Kopers wat in grootmaat koop, √ kan onderhandel vir pryse in hul guns.√
- Kopers wat sonder die besigheid se produkte kan klaarkom, √ het meer mag om die pryse en verkoopvoorwaardes te bepaal.√
- Voer marknavorsing uit √ om meer inligting oor die besigheid se kopers/klante in te samel. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe besighede die krag van kopers as 'n krag van Porter se Vyf Kragte-model kan toepas om hul posisie in die markomgewing te analiseer.

Submaks (8)

5.3.2 Krag van mededingers/Mededingende wedywering

- Mededingers wat dieselfde/soortgelyke produkte/dienste verkoop mag 'n groter impak √ op die mark van die besigheid hê.√
- As mededingers 'n unieke produk/diens verskaf, √ dan sal hulle groter mag hê.√
- 'n Besigheid met baie mededingers in dieselfde mark √ het baie min mag in hul mark.√
- Sommige besighede het die nodige hulpbronne om 'n prysoorlog te begin √ en voort te gaan om teen 'n verlies te verkoop totdat sommige/alle mededingers die mark verlaat.√
- Mededingers wat verskeie prys- en bemarkingstrategieë gebruik, √ sal waarskynlik krag/mag oor die besigheid hê.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe besighede die krag van mededingers/mededingende wedywering as 'n krag van Porter se Vyf Kragte-model kan toepas om hul posisie in die markomgewing te analiseer.

Submaks (8)

Maks (14)

5.4 Soorte intensiewe strategieë

5.4.1 Markpenetrasie √√

- Nuwe produkte word in 'n huidige mark ingedring teen 'n lae prys √ tot dit goed bekend is aan klante en dan word die pryse verhoog. √
- Besighede fokus daarop om bestaande produkte in die bestaande mark te verkoop √ om hul markaandeel te vergroot. √
- Besighede gebruik marknavorsing oor huidige klante √ om te bepaal hoe om hul bemarkingsmengsel te verbeter. √
- Aggressiewe bemarkingsveldtogte soos die verlaging/vermindering van pryse √ word gebruik om potensiële/bestaande kliënte te lok. √
- Pas 'n intensiewe adverteringsveldtog toe √ om bewusmaking van die produkte en klante-lojaliteit te verhoog. √
- Neem meer verkoopspersoneel in diens√ om verkope/dienste te verbeter. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met markpenetrasie as 'n soort intensiewe strategie.

Strategie (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

5.4.2 **Markontwikkeling** √√

- Dis 'n groeistrategie waarmee besighede poog om hul bestaande produkte √ in nuwe markte te verkoop.√
- Besighede teiken verbruikers in 'n potensiële mark √ wat buite sy gewone teikenmark val.√
- Toename in verkope van bestaande produkte √ deur nuwe maniere te vind om nuwe markte te ontwikkel.√
- Pryse word herstruktureer/hersien om voorsiening te maak vir klante/ verbruikers √ van alle inkomstevlakke. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met markontwikkeling as 'n soort intensiewe strategie.

Strategie (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

5.4.3 **Produkontwikkeling** √√

- Dis 'n groeistrategie waar besighede poog om nuwe produkte √ in die bestaande mark bekend te stel/wysiging van 'n bestaande produk.√
- Besighede ontwikkel nuwe idees/ontwikkel nuwe produkte/dienste √ vir bestaande/huidige markte. √
- Besighede voer toetsbemarking/marknavorsing uit √ om te bepaal of nuwe produkte deur die bestaande klante aanvaar sal word.√
- Nuwe produkte kan verskillend/van 'n beter gehalte √ as dié van mededingers wees. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met produkontwikkeling as 'n soort intensiewe strategie.

Strategie (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)
Maks (12)

5.5 **Voordele van diversifikasiestrategieë**

- Verhoog verkope en besigheidsgroei. √√
- Verbeter die besigheidshandelsmerk en beeld. √√
- Verminder die risiko om slegs op een produk staat te maak vir verkope/ inkomste. √√
- Meer produkte kan aan bestaande kliënte verkoop word en addisionele nuwe markte kan gevestig word. √√
- Besighede bekom meer tegnologiese vermoëns/bevoegdhede deur produkverandering. √√
- Diversifikasie in verskeie nywerhede of produksielyne kan help om 'n balans te skep tydens ekonomiese skommelinge. √√
- Besighede produseer meer uitset met minder insette, aangesien een fabriek gebruik kan word om meer produkte te vervaardig. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van diversifikasie-strategieë.

Maks (8)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

5.6 **Gevolgtrekking**

- Besighede moet altyd hulle strategiese bestuursproses assesseer om effektief te kan reageer op die nuwe neigings in die mark. √√
- Die korrekte toepassing van Porter se Vyf Kragte-model laat besighede toe om relevante besigheidstrategieë te ontwikkel wat waardevolle resultate lewer.√√
- Dit is belangrik vir besighede om breedvoerige bemarkingsveldtogte uit te voer wanneer verskeie soorte intensiewe strategieë geïmplementeer word.√√
- Die finansiële volhoubaarheid van besighede word aansienlik verbeter deur die korrekte toepassing van diversifikasiestrategieë.√√
- Die effektiewe implementering van diversifikasiestrategieë kan finansiële stabiliteit en toekomstige besigheidsvooruitsigte tot gevolg hê.√√
- Enige ander relevant gevolgtrekking wat verband hou met die proses van strategiese bestuur/Porter se Vyf Kragte-model/intensiewe strategieë/voordele van diversifikasiestrategieë.

Enige (1 x 2) (2)
[40]

VRAAG 5: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING

BESONDERHEDE	MAKSIMUM	TOTAAL
Inleiding	**2**	**Maks 32**
Strategiese bestuursproses	**12**	
Toepassing van Porter se Vyf Kragte-model: ○ Krag van kopers ○ Krag van mededingers/ Mededingende wedywering	**14**	
Soorte intensiewe strategieë	**12**	
Voordele van diversifikasiestrategieë	**8**	
Gevolgtrekking	**2**	
INSIG		
Struktuur/Uitleg	**2**	**8**
Analise/Interpretasie	**2**	
Sintese	**2**	
Oorspronklikheid/Voorbeelde	**2**	
TOTALE PUNTE		**40**

SASO – vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)

6.1 **Inleiding**

- Gehaltebestuur verskaf riglyne oor hoe besigheidsfunksies gehaltestelsel in plek moet stel om sodoende die besigheidsdoelwitte/stellings te bereik. √
- Gehalteprestasie assesseer die doeltreffendheid van elke besigheidsfunksie in die vervaardiging van hoë gehalte produkte/dienste.√
- Die BDKH-model laat besighede toe om elke stap van die model te analiseer en die duplisering van aktiwiteite te elimineer.√
- Effektiewe implementering van TGB-elemente kan die negatiewe gevolge van finansiële koste voorkom wat deur swak implementering van TGB veroorsaak word.√
- Die bemarkingfunksie speel 'n belangrike rol in die identifisering van spelwisselaars wat nodig is om gepaste omkeer-strategieë te ontwikkel.√
- Die administrasiefunksie laat besighede toe om met onlangse ontwikkelings in verband met inligtingsbestuur op hoogte te bly. √
- Enige ander relevant inleiding wat verband hou met gehaltebestuur en gehalteprestasie/stappe van BDKH-model/impak van TGB indien swak geïmplementeer/gehalteaanwysers van die bemarkingsfunksie/ administrasiefunksie.

Enige (2 x 1) (2)

6.2 **Verskille tussen gehaltebestuur en gehalteprestasie**

GEHALTEBESTUUR	GEHALTEPRESTASIE
- Tegnieke/instrumente wat gebruik word om die ontwerp/gehalte van 'n produk te verbeter.√√	- Totale prestasie van elke afdeling word gemeet teen gespesifiseerde standaarde.√√
- Kan gebruik word vir verantwoordbaarheid binne elk van die besigheidsfunksies.√√	- Kan bereik word, as alle departemente saamwerk aan dieselfde gehaltestandaarde.√√
- Is daarop gemik om te verseker dat die gehalte van goedere/dienste konsekwent is/Fokus op die middele om konsekwentheid te bereik.√√	- Kwaliteit word gemeet deur fisiese produkte/statistiese uitsette van prosesse/vraelyste van gebruikers en/of kopers van goedere/dienste.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met gehaltebestuur.	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met gehalteprestasie.
Submaks (4)	Submaks (4)

LET WEL:
1. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
2. **Die verskille hoef nie verbind te wees nie, maar moet duidelik wees.**
3. **Ken 'n maksimum van VIER (4) punte toe, indien die verskille nie duidelik is nie/Sien slegs gehaltebestuur of gehalteprestasie na.**

Maks (8)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

6.3 **Toepassing van die BDKH-model/stappe**

Beplan √√

- Die besighede moet die probleem identifiseer √ en 'n plan ontwikkel vir verbetering van prosesse en stelsels.√
- Beantwoord vrae√ soos 'wat om te doen' en 'hoe om dit te doen'.√
- Beplan die nuwe metode en benadering√ om die gehalte van hul produkte te verbeter. √
- Die plan moet logies/opeenvolgend wees√ vir implementeerders om dit te verstaan.√

Stap (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

Doen √√

- Besighede moet die verandering op 'n klein skaal√ implementeer.√
- Implementeer die prosesse en stelsels√ soos beplan.√
- Gedurende hierdie stap poog die implementeerders om die verandering effektief/akkuraat uit te voer√ wat op die plan/metode gebaseer is.√
- Hierdie stap is noodsaaklik om te bepaal√ of die veranderinge lewensvatbaar/potensiaal het.√

Stap (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

Kontroleer/Ontleed√√

- Gebruik data om resultate van verandering√ te analiseer/ontleed.√
- Bepaal of dit 'n verskil gemaak het√ en wat verbeter moet word.√
- Kontroleer of die prosesse√ doeltreffend werk.√
- Besighede moet assesseer, beplan en bepaal√ of dit werk/of dinge volgens plan verloop.√

Stap (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

Handel√√

- Stel die verbetering in werking √ om aan die behoeftes van die besigheid te voldoen.√
- Ontwikkel strategieë √ oor hoe om deurlopend te verbeter.√
- Indien die verandering suksesvol was, √ implementeer dit op 'n groter skaal.√
- Die besigheid moet die proses deurlopend hersien √ totdat hulle dit reg kry.√

Stap (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe besighede die BDKH-model/stappe kan toepas om die gehalte van hul produkte te verbeter.

Maks (16)

6.4 **Impak van totale gehaltebestuur/TGB indien swak geïmplementeer**

- Stel onrealistiese spertye√ wat nie bereik kan word nie.√
- Werknemers is nie voldoende opgelei nie√ wat tot lae gehalte produkte lei.√
- Afname in produktiwiteit, √ as gevolg van onderbrekings.√
- Besighede sal moontlik nie in staat wees om die nodige veranderinge aan produkte/dienste aan te bring√ om sodoende die behoeftes van klante te bevredig nie.√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Die besigheid se reputasie/beeld kan skade lei√ as gevolg van swak kwaliteit/foutiewe produkte.√
- Klante sal baie alternatiewe hê om van te kies√ en die impak kan vernietigend vir die besigheid wees.√
- Beleggers kan hul beleggings onttrek, √ indien daar 'n afname in winste is.√
- Afname in verkope, √ omdat meer produkte deur ontevrede klante teruggestuur word.√
- Hoë personeelomset √ as gevolg van swak vaardigheidsontwikkeling.√
- Ongedokumenteerde/Ongekontroleerde gehaltebeheerprosesse/-stelsels√ kan lei tot foute/afwykings vanaf voorafbepaalde gehaltestandaarde.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die impak van TGB indien besighede dit swak implementeer.

Maks (12)

6.5 **Gehalteaanwysers van besigheidsfunksies**

6.5.1 **Bemarkingsfunksie**

- Wen klante deur hul behoeftes/begeertes te bevredig en positiewe verhoudings op te bou.√√
- Voldoen aan etiese reklamepraktyke wanneer produkte/dienste bemark word.√√
- Identifiseer 'n mededingende voordeel om te fokus/verbeter op sterkpunte van bemarking.√√
- Onderskei produkte om meer verbruikers te lok.√√
- Waardekwessies voortdurend te hersien. √√
- Doeltreffende kommunikasie met klante om terugvoering oor hul ervaring van verkoopte produkte/gelewerde dienste te kry.√√
- Koördineer verspreiding met produksie- en bemarkingstrategieë.√√
- Gebruik prystegnieke om mededingende voordeel te verseker.√√
- Bepaal die leemtes tussen klante se verwagtinge en hul werklike ervarings, sodat probleme/ongelukkigheid uitgelig en aangespreek kan word.√√
- Maak aanpassings en veranderinge aan produkte/dienste gebaseer op die terugvoering van klante/resultate van marknavorsing.√√
- Gebruik aggressiewe bemarkingsveldtogte om die markaandeel te behou/verhoog.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die gehalteaanwysers van die bemarkingsfunksie.

Submaks (6)

6.5.2 **Administrasiefunksie**

- Vinnige en betroubare datavaslegging en prosesseringstelsels.√√
- Maak betroubare inligting betyds beskikbaar aan bestuur.√√
- Maak relevante inligting beskikbaar vir vinnige besluitneming.√√
- Hanteer klagtes vinnig en effektief.√√
- Gebruik moderne tegnologie doeltreffend.√√
- Implementeer doeltreffende risiko bestuursbeleide om besigheidsverliese te verminder.√√
- Gehalteversekering/Kontrole/Evaluasie word akkuraat aangeteken.√√
- Alle dokumentasie word netjies en ordelik in 'n veilige plek bewaar.√√
- Maklik om inligting/dokumentasie te onthou en te vind.√√
- Finansiële dokumente word op datum gehou en akkuraat opgeteken.√√
- Alle stelsels en prosesse word gedokumenteer. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die gehalteaanwysers van die administrasiefunksie.

Submaks (6)

Maks (10)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

6.6 **Gevolgtrekking**

- Gehaltebestuur vereis grondige sakekennis en vaardighede wat benodig word om skaalvoordele in die besigheid te bereik.√√
- Gehalteprestasie streef daarna om goeie praktyke te implementeer wat gemik is daarop om die behoeftes van verbruikers te bevredig. √√
- Die BDKH-model laat besighede toe om te reflekteer op hul prosesse en stelsels om die behoeftes van verbruikers bo hul verwagtinge te bevredig.√√
- Besighede moet sleutelprestasie-areas identifiseer wat beïnvloed word deur swak implementering van TGB en maniere vind om hierdie uitdagings te oorkom.√√
- Die gehalteaanwysers van die administrasie- en bemarkingsfunksie kan gebruik word om die mate waartoe hierdie funksies bydra tot die sukses van die besigheid te evalueer.√√
- Doeltreffende kommunikasie van verwagte gehalteaanwysers van die bemarking- en administrasiefunksie kan werknemers toe laat om gestelde teikens/ doelstellings te bereik.√√
- Enige ander relevant gevolgtrekking wat verband hou met gehaltebestuur en gehalteprestasie/stappe van BDKH-model/impak van TGB indien swak geïmplementeer/gehalteaanwysers van die bemarkingsfunksie/ administrasiefunksie.

Enige (1 x 2) (2)

VRAAG 6: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING

BESONDERHEDE	MAKSIMUM	TOTAAL
Inleiding	**2**	**Maks 32**
Verskille tussen gehaltebestuur en gehalteprestasie	**8**	
Toepassing van BDKH-model	**16**	
Impak van TGB indien swak geïmplementeer	**12**	
Gehalteaanwysers: ○ Bemarkingsfunksie ○ Administrasiefunksie	**10**	
Gevolgtrekking	**2**	
INSIG		**8**
Struktuur/Uitleg	**2**	
Analise/Interpretasie	**2**	
Sintese	**2**	
Oorspronklikheid/Voorbeelde	**2**	
TOTALE PUNTE		**40**

SASO – vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou